Die oudisie

deur

Nico Luwes

Afrikaans vertaling as kort eenbedryf vir die verhoog van die kortverhaal

The Audition - a Short story

deur

Anton Chekhov

29/10 2014
Dept. Drama en Teaterkuns
UV
Bloemfontein
(c) Opvoerregte verkrygbaar by
luwes@ufs.ac.za (0823742485) of
Dalro www.dalro.co.za/

Milieu

Die stuk speel af in Moskou in ongeveer 1888 – 1899. Dis stuk kan binne ŉ ander tyd of land van herkoms ook afspeel. Dan sal name en verwysings na dorpe natuurlik moet aangepas word.

Karakters

Igor Lavretiy Merkoulov – ŉ Knorrige, siniese ou skrywer/regisseur (Eintlik is dit Chekhov self!).
Nina Yekaterina Belova – ŉ Pas afgestudeerde dramastudentjie. (19 – 21)
Victor Vlasiy Dombrowsky - ŉ Skrikkerige en verslonsde verhoogbestuurder

Dekortoneel

Die toneel speel af op ŉ teaterverhoog waarin ŉ paar dekorstukke rondstaan. Voor teen die verhoog is die regisseur se tafeltjie met los papiere, skryfgoed, ŉ glas en waterbeker en ŉ stoel. ŉ Tipiese ou groen regisseurslampie op die tafel. Op die tafel staan ook ŉ kwart bottel vodka en ŉ kort snapsglasie vol vodka. ŉ Asbakkie loop oor van die stompies. Langs die tafel is ŉ asblik waarin reeds ŉ hoop oudisievorms opgefrommel lê. Ook agter en op die regisseur se stoel lê opgefrommelde oudisievorms.

Toneel

Dit is laataand na ŉ dag se oudisies. As die gehoor inkom sit die skrywer en regisseur, Igor Lavretiy Merkoulov, reeds met sy rug na die gehoor op die regisseurstoel voor die verhoog. Dalk rook hy. Dis koud. Aanvanklik dreun die weer buite en nou en dan sak ŉ reënbui uit.

Igor *(lyk absoluut gedaan en lê met sy rug na gehoor en sy kop op die oudisietafeltjie. Hy gee 'n moedelose brul en slaan die vodka in die glas weg. Hy bekyk een oudisievorm, frommel dit verwoed op en gooi dit met 'n tweede kreun oor sy rug. Hy vul die glasie weer en slaan die dop weg. Skielik kry hy 'n bevlieging, staan op, druk sy sigaret driftig dood en frommel die laaste vorms op en smyt dit oor sy rug):* Waarom skiet ek myself nie net dood nie? Dis tog 'n eerbare ding! Victor! Kom skiet my morsdoodvrek! Ek smeek jou! Victor Vlasiy Dombrowsky!

Victor *(kom vervaard uit die kleedkamer en loer met sy knypbrilletjie verskrik om die sy-gordyn. Soos sy tweede naam sê, praat hy met 'n effense lispel):* Meneer?

Igor: Ek sê skiet my dood, my liewe Victor Vlasiy Dombrowsky! Gooi my met 'n teaterlig dood! Vergif my met daardie vervloekte rottegif in die dekorstoor... enigiets!

Victor *(versigtig):* Maar Meneer Mercoulov... u is tog die skrywer? En dink net, Igor Lavretiy Merkoulov... die beroemde regisseur!

Igor *(buite homself):* Skrywer? Regisseur? Ha! Ek, Igor Lavretiy Merkoulov! 'n Beroemde skrywer en regisseur - van wat? Van wat vra ek jou? *(Hy gaan sit moedeloos en word dan kalmer)* Dis 'n ramp, my arme ou Victor... 'n ramp. Sit maar die ligte af, sluit die teater en gaan soek iets warms om te eet. Dis 'n vervloekte dag en 'n treurige nag! *(Hy vat sy pen en staan op)* Ek gaan huis toe en sal probeer om my met hierdie miserabele ou bietjie vodka dood te suip... *(Hy vat sy jas en serp, trek dit aan en wil by die teater uitloop)*

Victor *(probeer hom desperaat stop):* Maar, Meneer... Meneer! Daar's nog enetjie...

Igor *(lig die vodka-bottel):* Enetjie? Ja wragtag. Net een ou enetjie...

Victor: Nee, Meneer. Enetjie wie se trein laat was, Meneer... Van die platteland dink ek... Sy't huilend hier aangekom... Nou-net. Sy trek net gou droog aan.

Igor: O! Enetjie? En sy huil hier agter? Huil sy góéd?

Victor: Meneer?

Igor: Ek kan huil. Victor Vlasiy Dombrowsky! Ek kan báie goed huil! Ek wil nie nog één keer kyk na iemand anders wat probeer huil nie!

Victor: Asseblief Meneer... U was ook eens jonk... 'n akteur...

Igor *(twyfel 'n oomblik, ruk sy jas en serp moedeloos af en smyt dit op die regisseurstafeltjie)* As ek 'n hartaanval kry, sal dit jou skuld wees, Victor Vlasiy Dombrowsky... Roep haar... O, Jirre, sy sal moet baie góéd huil! *(Hy sak uitgeput op die stoel neer)*

Victor *(stap met biddende handjies agteruit van die verhoog af kleedkamer toe):* Dankie, Meneer... U sal geseënd wees, Meneer... geseënd!

Igor *(klink of hy wil huil):* Ek wíl nie geseënd wees nie... Ek wil dóód wees!

(*Daar is 'n haastige geskarrel agter die verhoog en die kleedkamerdeur klap)*

Igor *(ongeduldig):* Volgende! Volgende!

('n Jong aktrise, geklee in 'n eenvoudige, maar skoon, tipiese plattelandse rok stap senuweeagtig op die verhoog. Die rok pas netjies. Sy is vir 'n oomblik verblind deur die ligte. Sy klou aan haar lapbeursie en weet nie eintlik hoe om op te tree nie. Dis is beslis haar eerste oudisie. Sy glimlag braaf en lyk heeltemal aanvaarbaar. Sy vee

gedurig haar voorkop en wenkbroue af)

Nina: Ekskuus... Ek is nog bietjie nat... (*Sy wys onbeholpe na bo, verwysend na die veraf donderweer buite)*

Igor: Naam?

Nina *(verstaan hom nie mooi nie):* Wat?

Igor: Jou naam.

Nina: O... Nina.

Igor: Nina? En dis nou dit? Nina.

Nina: Ja, Meneer... Nee, Meneer. Nina Yekaterina Belova. Dit beteken...

Igor: “Suiwer” ja. Ek weet.

Nina: Ja.

Igor: Ouderdom?

Nina: My ouderdom?

Igor: Ja, asseblief... Dit beteken - ”Hoe oud is jy?”

Nina *(dink vinnig):* Na hoe oud soek u?

Igor: Kan jy nie net die eenvoudige vragie beantwoord nie? Asseblief!

Nina: Ja, maar ek wou net dat u weet, ek kan enige ouderdom speel... wat u ook al wil hê – sestien, dertig...? Op skool het ek ’n vier-en-

sewentigjarige ou tannie met rumatiek gespeel en almal het gesê dit was baie oortuigend. 'n Vier-en-sewentigjarige ou tannie met rumatiek het dit sélf ook vir my gesê.

Igor: Ja, ja, ja! Maar ek soek nie 'n vier-en-sewentigjarige ou tannie met rumatiek nie! Ek soek 'n twee-en-twintigjarige meisie! *(Hy kalmeer)* Nou goed. Hoe oud ís u?

Nina: Twee-en-twintig, Meneer.

Igor: Regtig? Ek sou kon raai jy is sewe- of agt-en-twintig?

Nina: Ek het 'n bietjie van 'n kopverkoue, Meneer. Dit laat my bietjie ouer lyk. Laas winter, toe ek amper longontsteking gehad het, het die dokter gedink ek was nege-en-dertig! Maar, ek beloof u ek kan twee-en-twintig vir u lyk as u dit wil hê. *(Sy vee weer haar voorkop af).*

Igor: Het jy koors?

Nina: Ja, Meneer... 47 grade Celsius... Dis omtrent 103 grade Fahrenheit.

Igor: Goeie hemel! Wat dink jy doen jy om met daardie koors in hierdie koue en reën rond te loop? 103 Grade Fahrenheit? Gaan huis toe, kind! Gaan klim in die bed! Sit 'n warm kompres op jou bors en slaap! Jy kan op 'n ander tyd kom. *(Hy begin opstaan)*

Nina: Ag, nee asseblief, Meneer. Ek wag al ses maande om 'n oudisie te doen. Ek het drie maande gewag net om op die waglys te kom. As hulle my weer aan die bopunt van daardie waglys sit, sal ek weer ses maande moet wag en teen daardie tyd sal ek al drie-en-twintig wees en dan is ek te laat vir twee-en-twintig. Asseblief, Meneer... laat my lees... *(Sy voel vinnig haar koors)* Ek dink ek is nou af na honderd-en-een.

Igor *(gaan sit maar weer):* Ek kan sien dit sit in jou hart en niere om ’n aktrise te wees. Dis ’n siekte jy weet!

Nina: In my hart, my siel, my enigste asem, in die bene van my lyf, die bloed in my are...

Igor: Ja, ja. Ja. Dit nou genoeg van jou mediese geskiedenis... Ai tog! Watter praktiese ondervinding het jy?

Nina: In wat?

Igor: Wel, as voorbeeld, toneelspel! Hoeveel ondervinding het u daarin?

Nina: U bedoel op die verhoog?

Igor: Wel, dis seker net so ’n goeie plek as enige ander plek!

Nina: Wel, ek het vir drie jaar drama studeer onder Madame Zoblinska.

Igor: Hier in Moskou?

Nina: Nee. In my hoërskool... in Odessa. Maar, sy was self ’n baie goeie aktrise.

Igor: Hier in Moskou?

Nina: Nee, in Odessa...

Igor: Jy is dus streng gesproke ’n amateur...

Nina: Ja, Meneer... In Moskou. Maar in Odessa is ek ’n professionele speler.

Igor: Ja, ja, ja. Dis alles goed en wel! Maar jy sien, ek benodig ’n twee-en-

twintigjarige professionele aktrise van Moskou. Odessa, moet ek toegee is 'n pragtige stad, maar wat teater betref is Odessa allermins 'n Moskou. Ek dink jy moet eerder meer ondervinding gaan opdoen en 'n asperien of twee gaan drink... *(Hy staan weer op)*

Nina *(begin moedeloos afstap, stop en draai om):* Meneer Igor Lavretiy Merkoulov. Ek het vier dae per trein gereis om hier te kom. Wil u my nie eers hoor lees nie?

Igor: My dierbare kind. Ek vind hierdie situasie so 'n bietjie van 'n verleentheid...

Nina: Selfs al gee u my nie 'n rol nie... Om net vir ú te lees, sal vir altyd vir my 'n wonderlike herinnering wees... Een wat ek vir die rés van my léwe sal koester... Verskoon my asseblief as ek voorbarig is, Meneer. Ek dink u is een van die gróótse lewende skrywers en regisseurs in die hele Rusland.

Igor: Regtig? Dis baie dierbaar van jou... Miskien het ons tóg so paar minute. *(Hy gaan sit weer stadig)*

Nina: Ek het omtrent alles gelees wat u geskryf het... Die toneelstukke... die stories. *(Sy begin lag)* Ek was mal oor die een...*(Sy lag al harder) ...*die een oor... *(Sy lag histeries)* Liewe Hemel, elke keer as ek daaraan dink, ek kan myself nie help nie...

Igor *(begin ook lag):* Regtig? Regtig? Watter een is dit?

Nina *(Skater behoorlik):* "Die Dood van 'n Regeringsamptenaar". O, Liewe Hemel, ek het vir dáe gelag!

Igor: "Die Dood van 'n Regerings..." Ek kan dit nie onthou nie...? Waaroor het dit gegaan?

Nina: Oor Cherdyakov! Die Regeringsamptenaar wat genies het! In die opera! Sy verskonings aan die Generaal... sonder ophou!

Igor: O... ja. Die amptenaar wat genies het... Cherdyakov, ja. So, dit was vir jou snááks? Vreemd? In die verhaal het ek bedoel dat dit hartseer – 'n tragedie moes wees?

Nina: O, dit was baie hartseer... Ek meen hy is daaroor dood, oor hy genies het... op die Generaal! Ek het vir dáe gehuil... Maar u moet erken... dit was... dit was hartseersnaaks...

Igor: Was dit regtig? *(Hy dink terug en glimlag)* Hartseersnaaks? Jy's reg! Tog miskien.

Nina *(vee haar lagtrane af):* Ja. Hartseersnaaks... *(Sy lyk skielik baie hartseer en weerloos)*

Igor: En wat, van álles wat jy al gelees het, was jou gunsteling?

Nina: My gunsteling? *Oorlog en Vrede* (War and Peace)

Igor: Ek het dit nie geskryf nie.

Nina: Ek weet, Meneer. Dit was Leo Tolstoy. Maar, u het my gevra wat my gunsteling was.

Igor: Wel, jy is baie eerlik, Nina. Nou goed! Wat gaan jy vir my lees?

Nina: Ek sou graag uit "Die Drie Susters" wou lees.

Igor: Sowaar? Watter suster?

Nina: Almal... as u die tyd het.

Igor: Almal? Goeie Hemel! Hoekom lees jy nie sommer die hele drama terwyl jy daarmee besig is nie?

Nina: O, dankie, Meneer. Ek ken dit alles. “Bedryf een...” *(Sy kyk in die verhoog rond en skilder die vertrek in haar verbeelding)* “‘n Sitkamer in die huis van die Prozorov-familie. Dit is middag; ’n helder son skyn deur die groot Franse deure...”

Igor: Dis nie nodig nie! ’n Uittreksel sal voldoende wees, dankie!

Nina: Goed, Meneer. Ek sal graag die laaste paar momente in die stuk wil lees.

Igor: Goed, Goed! Dit behoort nie te lank te neem nie. As u gereed is...

Nina: Ek was al vir ses maande gereed... en dan tel die drie maande wat ek moes wag om op die waglys te kom nie eers nie.

Igor: Asseblief! Begin net!

Nina: Ja, Meneer. Dankie, Meneer. *(Sy maak haar keel skoon)* En Masha sê: “Luister na die blaasorkes... Hulle verlaat ons... En een gaan weg, en sal nooit, noóit terugkom nie... Ons is alleen en moet weer ons lewens opnuut begin. Mens moet tog lewe. Mens móét tog léwe...”

En Irina sê: “Die tyd sal kom wanneer ons sal weet waarvoor al hierdie dinge gebeur met ons gebeur...” *(Sy lees met onverwagte teerheid en meegevoel)* “Al hierdie lyding... En daar sal geen geheim meer wees nie. Ons moet wérk. Net wérk... More gaan ek alleen weg. Om êrens in ’n skool te gaan onderwys gee. Ek sal my lewe wy aan wie dit ook al nodig mag hê. Dis herfs... Die winter kom... Ek sal werk, werk, werk...”

Sal ek klaarmaak?

Igor (emosioneel geroer en dan sag): Asseblief...

Nina: En Olga sê: “Luister na die orkes. Dit speel so vrolik en lewenslustig, mens voel sélf lus vir die lewe! Genadige Hemelse Vader! Met die verloop van die jare sal ons vergeet word. Ons gesigte sal vergeet word... ons stemme... Niemand sal eers weet hoeveel susters ons was nie. Maar óns lyding, bring dalk vir dié wat na ons kom, geluk en vrede... Dis dalk juis vir hulle waarvoor ons nóú so moet ly. Vrede en geluk sal oor die aarde heers... Miskien sal hulle ons met deernis onthou en in hul gebede seën.

Ag, my dierbare, liewe susters... Nog net ’n klein, klein rukkie... en as ons geduldig wag, sal ons miskien eendag verstaan waarom ons nou moes lewe, waarom ons nou moes ly. As ons net kon weet. As ons net... kon wéét.

(Lang stilte)

Baie dankie, Meneer... Dis ál wat ek gehad wou het... U het my ontsettend gelukkig gemaak... God seën u, Meneer...

(Sy stap stadig van die verhoog af. Die verhoog is leeg)

Igor *(het blykbaar sy oë in verwondering toegemaak terwyl hy na die laaste woorde geluister het. Hy is diep geroer en praat sag).* Victor... Iemand... Keer haar voor... keer haar voor, voor sy die hele pad terugstap na Odessa. Keer haar voor... *(Hy staan stadig op)* Dis... dís die aktrise wat ek wil hê...

(Ligte doof stadig)

&&&&